

# sig

nuusbriëf

Durbanville  
Gemeente

saam in diens van God se nuwe wêreld

## Waarmee

### is God nou besig? - Ds Gys van Schoor

Die afgelope Pinkster het ons gemeente op hierdie vraag gefokus. Dit is 'n moeilike vraag. Die rede daarvoor sny na die hart van die Christelike lewe. Ek dink ons het verloor om met God te lewe...

Ons lewe met Rick Warren se boek: Doelgerigte Lewe, of Oom Solle se nuutste. Ons leef met Radio Kansel, geestelike videos van die jongste ghoeroes, ons leef met ons kleingroep, met die dominee of 'n Christelike TV kanaal. MAAR leef ons nog met God? Ons kan selfs met die Bybel leef, sonder om met God te leef! Dit was in Jesus se tyd so. Dit was juis die probleem van die Ou-Testamentiese geloofsgemeenskap. Dit wat God vir hulle gegee het om hulle te help om met Hom te leef: die wet, offers, feeste, vasdae, dit het hulle fokus geword. Hulle het van God vergeet.

'n Tweede rede hoekom ons sukkel met die vraag is ons kultuur. Ons het so besig geraak met ons eie programme en ons eie agendas dat ons dit moeilik vind om nog te stop en te vra: "Waarmee is God nou besig?" Ons is so gepreokkeer met dit waarmee ons besig is. 'n Mens kan net die vraag beantwoord wanneer jy weer eerstehands, persoonlik met God leef, vanuit 'n lewende verhouding met Hom. Dit is die hart van die Christelike geloof: die persoonlike, eerstehandse leer ken van God.

'n Belangrike kapasiteit wat die Heilige Gees vir ons wil leer in hierdie verhouding met God is om te luister. Ons moet weer leer luister na God: in die Bybel, in jou lewe, in die lewe van die gemeente, in die erediens, in die lewe en woorde van my medegelowige, in die doop en nagmaal, in die lewe van die gemeenskap, in die gestalte van die vreemdeling en die geringes.

Waarmee is God nou besig? Wel, God is altyd besig om deur die Heilige Gees die kinders van God se lewens te transformeer. God verander ons van binne af uit om al hoe meer aan Christus gelyk te word. Daarom is 'n baie belangrike vraag om oor na te dink die volgende: "Watter denke, houding, gesindheid,

woorde, gedrag of gewoonte verteenwoordig nog die ou mens?" Terwyl ons ou mens saam met Christus gekruisig is en ons saam met Christus opgestaan het in 'n nuwe lewe. God is vernuwend, helend en genesend besig in ons lewe.

En God is ook in ons gemeente besig. Wonderlike stories kan vertel word waarmee God besig is. God het vir ons 'n visie gegee: Saam in diens van God se nuwe wêreld, God het die omgeediens begin, God het ons geroep om 'n gestuurde gemeente te wees en is besig om ons daarin te lei, God het begin om ons te leer luister (Lectio Divina) en God het vir Petrus en Lise vanuit ons gemeente geroep en gestuur. God is besig om ons te skuif na 'n gemeenskap wat omgee en dien.

En God is ook in ons gemeenskap aan die werk. God werk met 'n koninkryks-agenda: die heelmaking van die ganse werklikheid. En God nooi ons uit om saam met Hom te werk: dit is waaroor gemeentewees gaan, waaroor Christenwees gaan!

Daarom kan die taak van die kerk ook so omskryf word aan die hand van Miga 6:8. (1) Dat ons sal deelneem aan die verkondiging van die evangelie aan alle mense, terwyl ons self ook saam met hulle leerlinge van Jesus bly; (2) dat ons daaglikse lewe gekenmerk sal word deur genadige liefde wat aan alle mense bewys word, maar in besonder aan mense in nood, dit is: die armes, die vreemdelinge, die verdruktes, die eensames, die moedeloses en selfs aan ons vyande; en (3) dat ons nie net in die kerk nie, maar ook in die samelewing en die openbare lewe sal opstaan vir billikheid, reg en geregtigheid.



# Uit die Woord

## Net by God vind ek rus - Ds Freek Serfontein



Watter mens onder ons het nie soms 'n behoefte aan rus en stilte nie? Wat skep hierdie behoefte by ons? Sou dit die pas wees waarteen ons leef? Dalk die druk om suksesvol te wees? Miskien die drang

om nie by die mense om ons af te steek nie? Die werklike rede ken ek nie. Wat ek wel weet, is dat baie van ons daarna smag om 'n bietjie te kan ontspan. Ons hunker daarna om net weg te kom van die dinge wat ons so besig hou en so moeg maak.

Die Bybel ken hierdie soort verlange. Die Psalmdigter van Psalm 62 is so 'n mens. 'n Mens wat die ontdekking gemaak het dat daar by Een rus te

vind is. Net by God vind ek rus, sê hy twee keer in die Psalm. Net Hy is my rots en my redding, my veilige vesting, laat hy ook twee maal hoor. Daarmee verwoord hy wat baie mense deur al die eeue met God se hulp ontdek het. Dat blywende rus by God alleen te vind is. Dat daar baie dinge is wat tydelik verligting en ontvlugting kan bied. Een daarvan is die oordrewe najaag van die materiële wat in ons dag so wyd voorkom. In ons wêreld word dit tydig en ontydig aan ons voorgehou as die oplossing vir ongeluk en onvrede. Op subtile en minder subtile maniere is daar pogings om ons te laat glo dat dit ons kan help.

Daarteenoor klink die Psalmdigter se raad bra eenvoudig. Naïef. Boonop lynreg teenoor ons geaardhede. Wie wil dan boedel oorgee? Na God toe draai? Vir Hom vra om ons binneste tot bedaring te laat kom? Tog is dit presies wat hy met die woorde hierbo bedoel. Wanneer ons God as Koning erken, kom daar kalmte in ons lewe. Lê daar 'n opwindende pad saam met die Here vir ons voor. Nie meer 'n alleenpad nie. Maar 'n pad saam met die Here. 'n Pad waarin ons hoe langer, hoe meer ontdek hoe Hy ons daaglik help. Om meer by Hom stil te word. Beter te luister. Sy stem te hoor. Die ware betekenis van die lewe elke dag te ervaar.

# Uit die Wêreld

## Babel - Ds Tinus van Zyl




Die derde film in die trilogie van die regisseur Alejandro Iñárritu, en draai-boekskrywer Guillermo Arriaga, was *Babel*. Dit het geen inhoudelike ooreenkoms getoon met *Amores Perros* en *21 Grams* nie, maar wel tematiese en stylistiese gelyksoortighede gehad. Al

drie hierdie films handel oor drie verskillende mense, of groepe mense, wat feitlik niks met mekaar te doen het nie, maar wat op 'n toevallige wyse mekaar se lewens op 'n baie intense en tragiese wyse impakteer. Wat *Babel* verder interessant maak, is dat dit ook vier verskillende kulture met mekaar laat kruis, naamlik die Arabiese, Amerikaanse, Mexikaanse en Japanese kultuur.

Die film *Babel* handel tot 'n groot mate oor mense se onvermoë om met mekaar te kommunikeer. Soos die eertydse toring van Babel, toe God die mense verskillende tale laat praat het, vind die mense in hierdie prent dit uiters moeilik om mekaar te verstaan. En dit is nie net taal- en kultuurgrense wat die probleem is nie, maar ook 'n pa en dogter wat sukkel om oor die verlede te praat, 'n man en vrou wat sukkel om oor die toekoms te praat, 'n werkgewer en werknemer wat sukkel om oor die hede te praat.

Met Pinkster is die Heilige Gees uitgestort, wat die dissipels in verskillende tale laat praat het. Maar snaaks genoeg, dit het nie gelei tot groter verwarring nie, maar dat meer mense die evangelie kon hoor en verstaan. Met Pinkster vind die wonderwerk plaas dat oor taal- en kultuurgrense heen, die Heilige Gees mense verenig voor God, sodat Paulus in Efesiërs 2:18 skryf: “Deur Christus het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.” Omdat ons één Gees het, kan ouers en kinders, mans en vrouens, werkgewers en werknemers, en ook mense van verskillende tale en kulture, na mekaar luister en mekaar werklik begin verstaan.



# Die waarde en invloed van Kerkmusiek en die Pyporrel op die Christelike kultuur

- Stephan Ackermann, Bardene Bell, Marian Robertson, Elsie Rauch



Ons as lidmate is nie slegs toeskouers en hoorders in die gereformeerde erediens nie, maar deelnemers waar sang en musiek 'n geweldige groot rol speel as medium om God te verheerlik en uitdrukking te gee aan ons belydenis. Sodoende word die werk van die Heilige Gees erken en beleef.

Die Kerk kan nie van kultuur losgemaak word nie: geboue, meubels, taal, doopvont, nagmaalsbeker, ander simboliese voorwerpe en veral musiekinstrumente is alles kultureel van aard. God se Koningskap strek immers oor kerk EN wêreld; dus ook oor die kultuur.

Vanaf die vroegste tye handhaaf kerkhervormers soos Luther en Calvyn die oortuiging dat daar tussen teoloë en musiek 'n byna "heilige band" is.

## DIE KERKLIED

Dit is gerusstellend dat die Kerklied nie uit die lug gegryp is nie. Ons lofsange, gebede, toewyding en geloofsvertroue is oor eeue verwoord in samehang met die geskiedenis van die wêreld.

Na Luther se 95 stellings teen 'n kloosterdeur word 'n stroom hervormingsliedere ons erfenis. Ons sing steeds " 'n Vaste burg is onse God, vergeefs die hel se woede" (Lied 476). Op 'n skip wat dreig om te vergaan, roep John Newton 200 jaar gelede na God en word gered. In verwondering skryf hy "Amazing Grace" (Lied 510). Wanneer duisende pelgrims in Taizé, Frankryk, *Ubi Caritas* sing, vind dit weerklank in ons harte: "Waar daar liefde is, en deernis – daar is God" (Lied 526).

Ons gemeentesang dra 'n funksionele diens-karakter. Dit bind gelowiges saam en is in wese gebed tot God: aanbidding, lofprijsing, skuld- en geloofsbelijdenis.

## DIE ORREL

Die orrel (wat veral sedert die begin van die 19e eeu beskou is as primêre begeleidings-instrument) het die toets van die tyd deur al die eeue deurstaan. In al die groot katedrale regoor die wêreld met indrukwekkende orrels staan orrelmusiek steeds voorop in die liturgie. Die instrument is by uitstek gepas om die regte stemming / geestelike klimaat 'n piëteitsgevoel, te skep.

Die orrel verleen deur middel van 'n stewige voetpedaal-baslyn harmoniese ondersteuning aan gemeentesang, terwyl helder manueel-registrasie die melodie prominent laat uitstaan. Die ryk registrasie-moontlikhede van die instrument verseker dat dit by die inhoud van die gesongte teks pas (gebed, lof, feestelik, ens.).

## DIE ORRELIS

In die erediens het die orrelis 'n besondere taak as die voorganger van die singende gemeente van God. Die leraar en orrelis staan ook in 'n unieke verhouding tot mekaar. Daar vind voortdurende kommunikasie / interaksie plaas tussen leraar, orrelis en gemeente. Die



orrelis moet d.m.v. opbouwende kerkmusiek (bv koraalvoorspele, gebaseer op bekende koraalmelodieë) en gemeentesang vrede, rustigheid en harmonie in die erediens skep. Prakties gesproke: met 'n orrel, is daar slegs een persoon wat een instrument hanteer, teenoor die meer komplekse aard van 'n musikale *ensemble* wat uit 'n klomp lede bestaan.

## ONS EIE ORREL

Uit die lig van ons kerkgebou-status as nasionale gedenkwaardigheid, het ons 'n verantwoordelikheid om na ons kultuurskatte om te sien. Dit sluit ons orrel, wat 112 jaar oud is, in. Min nuwe gemeentes kan deesdae pyporrels bekostig en daarom behoort ons hierdie unieke instrument in hierdie historiese kerkgebou te restoureer om dit sodoende vir ons nageslag behoue te laat bly.

"JA, MY ERFENIS IS VIR MY MOOI"  
(Psalm 16:6).

## TE HUUR WOONSTEL HERMANUS

**Veilige twee slaapkamer woonstel  
volledig gemeubileer**

**Slaap 4 persone  
Binne stap afstand van see  
en Hermanus middedorp**

**16 Januarie tot 31 Julie per nag  
1 Augustus tot 15 Januarie  
R375 per nag**

**Navrae kontak asb selfoon :  
082 332 3381**



# So was God hierdie Pinkster met óns besig



“Ons het net een aand gegaan (sommer net 'n lekker dik jas oorgegooi en eintlik 'n bietjie laat opgedaag!) maar selfs net dit was góéd. Ek het die persoonlike getuienis daardie aand so verrykend gevind. Dit is asof God vandag en hier in my tyd en in my omgewing met my praat, en nie net in die Bybel lank gelede uit Israel met ander, onbekende mense nie. Dit maak God soveel meer persoonlik vir my.” (Wilma Truter)

“Ons is so gewoon daaraan dat ons probleme dadelik en aktief moet oplos: daardie ding van die situasie gou akkuraat opsom, kits-antwoorde uitwerk en die rasionele oplossings blitsig toepas. Ek het gehóór dat stil raak voor God die beter plan is, want dan hoor ons hoe God met ons besig wil wees. Die mense wat elke aand getuig het, het die boodskap vir my so duidelik onderstreep. Uit hul lewens kon ek sien dat hulle ook maar sukkel en twyfel en wroeg, nes ek. Maar hulle het geleer om God te hoor en so Hom op aangrypendede maniere in hul lewens ervaar.” (Hanli Truter)

Pinkster. Veertig dae na Paasfees. Élke jaar. So voorspelbaar. Kan daar nog iets nuut daaraan wees? Kan God elke keer op 'n nuwe manier tot ons spreek? Op 'n vars manier ons wys hoe Hy in ons lewens besig is?

As mens hoor wat ons gemeentedele vertel wat hierdie sewe aande van aanbidding vir hulle beteken het, verwonder mens jou weer eens aan die ongelooflike diversiteit van God se manier van werk.



“Vir my was die simboliek wat met elke aandtema ingebou was baie spesiaal, soos om jou naam in die water van die doopvont te skryf en om persoonlik gesalf te word. Ek het veral die afsluitingsnagmaal ontroerend gevind. Mens voel na aan God as jy vorentoe gaan, jou broodjie afbreek, jou nagmaalglasie neem en persoonlik God se seën ontvang.” (Koois Delpert)



“Daardie oefening om terug te kyk na vandag om te soek waar ek God in my lewe gesien het, het vir my 'n kosbare insig gegee in hoe God met ons besig is. Dit gaan my bybly dat ek God se daaglikse betrokkenheid werklik kan raaksien as ek oplet. Ek hoop ek gaan leer om nie net slapenstyd met die terugblik God in my dag raak te sien nie, maar om Hom in elke oomblik raak te sien.” (Anli Viljoen)



“Die boodskap van stilwees voor God, om Hom te hoor en na hom te luister, het my regtig diep geraak. Ek was baie bewus daarvan hoe die Here met ons wil werk. Die persone wat elke aand getuig het oor hul pad met God het my ontroerend gewys hoe Hy in hul ook-maar-nie-volmaakte lewens ingryp en werk.” (Elzahn Cronjé)

# Vyf jaar van Omgee! - Rian Verster

Een van die aksies in ons gemeente, wat as die "Omgeediens" bekend geword het, is vanjaar vyf jaar oud/jonk. Mens sou 'n bladsy of meer kon skryf oor die ontwikkeling van die diens, maar dit is dalk nie nodig nie. Wat nodig is om te weet is dat die Here die gemeente, sy kerk, gebruik om in hierdie wêreld 'n alternatief staan te maak.

Die aksie het nie ontwikkel omdat ons 'n duidelike toekomsvisie gehad het en beplanning en aksies om dit te laat gebeur nie. Van 'n baie beskeie begin, net omdat ons geweet het dat mense in nood nie geïgnoreer mag word nie, deur tye van "weet nie regtig hoe nie," "weet nie waar die geld en die hulpmiddels vandaan gaan kom nie," tot by die unieke en effektiewe diens waar ons vandag is, het ons die Here beter leer ken.

Die Bybel leer ons dat ons die God van die skepping as ons Pa mag ken en as kinders voor Hom mag lewe. Ons kan dit vrymoedig doen. 'n Ou Testamentiese gelowige bid en getuig so: "God wat my red, help my asseblief wanneer ek by U hulp kom vra! U sorg altyd vir my. U het in die verlede uitkoms



gegee. In 'n krisis het U 'n sagte hart. Wees asseblief goed vir my. Luister na my gebed." (Ps 4:2, Die Boodskap) En as die Hebreërskrywer in die Nuwe Testament die geloofsgemeenskap aan wie hy skryf wil help om hul geloof in Jesus Christus te behou, sê hy dit so: "Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word."

God doen dit deur die Gees! Die Gees van God, die Gees van Christus, het binne-in ons kom woon. Dit is die Gees wat die gemeente help om die geloof, hoop en liefde wat God vir ons gee, te deel. Dit is die Gees wat ons harte verander om dieper te kyk en te help.

Die Omgeediens is lidmaatbetrokkenheid! Daarom is dit moontlik om mense wat aanklop vir hulp op 'n groot verskeidenheid van maniere te kan help. Ons doen dit ook deur in totaliteit te help. Dit beteken dat ons na elke lewensfasie kyk, dat ons onmiddellike fisiese en voortbestaansbehoefte kan aanspreek en dat ons verder kan help soos wat fondse en hulpmiddels dit toelaat.

In alles wat ons doen probeer ons mense help en begelei om in 'n herstelde en nuwe verhouding met God te leef! Ons "maak soos God gemaak het, want so maak kinders wat 'n liefdevolle Vader het. Elke dingetjie wat jy doen, moet van liefde straal. Dit is mos die voorbeeld wat Christus vir julle gegee het." (Ef. 5:1, Die Boodskap)

## Kraaifontein Uitreik - Sakkie Bosman

'n Woord van dankie aan:

U wat gereeld kospakkies by die kerkkantoor kom aflower, verskeidenheid bruikbare artikels, klerasie en linne voorsien, aan 'n getroue skenker wat via Aurora Spar op 'n maandbasis 'n maand se kospakkies voorsien.

Aan 13 dames van ons gemeente wat onder leiding van 'n sameroeper vir 14 gesinne op 'n twee maandelikse basis van voedsel voorsien. (Die name word deur BADISA Kraaifontein aan ons voorsien.)

Dankie aan u Bybelstudie- en Biduurgroepies wat gereeld bydraes gee, asook persone van Huis Aristeia en De Rust.

Aan u wat so gereeld u finansiële bydraes vir Kraaifontein Uitreik by die kerkkantoor inbetaal. Dit help ons om ongeveer twee maandeliks

kosvoorraad te kan aankoop vir die uitreik. Ons kon ook met hierdie finansies tot ons beskikking BADISA Kraaifontein Kantoor voorsien van nodige kantoorvoorraad, waaronder 'n rekenaar.

Twee gesinne is vir ses maande gehelp met huisvesting. Baie dankie vir die bedrag van R11 550-00 wat ons van gemeentelede ontvang het.

50 Brode per week is aan BADISA en Kraaifontein Gemeente voorsien.

Gedurende die Getuienisweek 2006, waartydens Kraaifontein Uitreik sy behoefte gestel het, het ons gemeente 'n besondere welwillendheid openbaar en is 'n totaal van R28 641-80 ingesamel.

Ons het in totaal vir die jaar 2006/2007 skenkings ontvang van R80 704-45 en ons kon R62 166-29 daarvan aanwend om gemelde doele te bereik.

Ons dank ons Hemelse Vader wat op hierdie wonderlike wyse ons hande versterk en ons vertrou dat ons weer op ons gemeente se welwillendheid kan staatmaak om sodanig finansiël by te dra, sodat met hierdie uitreik voortgegaan kan word. Hulle na wie uitgereik word, is dankbaar!

# Durbanville Gemeente:

## Waar is ons op die reis na gestuurdheid? - Johan Kotze

'n Bietjie meer as drie jaar gelede het die kerkraad besluit om deel te word van die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes. Hierdie vennootskap het ten doel om gemeentes te begelei om, deur 'n geloofsonderskeidende reis, te hoor waar in hul gemeenskap die gemeente saam met God, medeskeppers kan word van 'n gemeenskap waar daar herstel, verlossing en versoening is.

Die besluit was nie moeilik om te neem nie, want ons gemeente leuse: "Saam in diens van God se nuwe wêreld" sê presies dit. Ons leuse het aangedui dat ons 'n teken, voorsmaak en instrument van die komende heerskappy van God wil wees.

### Wat het intussen gebeur?

Ons gemeente se kultuur is ondersoek en twee kernpunte is geïdentifiseer: (1) ons is nie veel anders as dié wie nie aan 'n Christelike kerk behoort nie, en (2) gemeentelêde het te kenne gegee dat hul gereed is om deur 'n transformasie reis begelei te word.

Om hierdie geleentheid aan te spreek sou 'n verandering in ons kultuur vereis. Weg van 'n kultuur waar die predikante sinoniem is met ons geestelike welstand, na 'n kultuur waar lidmate hul Bybelse identiteit as priester, profeet en koning verstaan en uitleef.

### 'n Paar ingrepe het plaasgevind

- Die Omgeediens is gestig.
- Lectio Divina het ons as gemeente gehelp om beter na God en na mekaar te luister.
- Tydens Pinkster 2005 is die kenmerke van 'n gestuurde gemeente bespreek.
- Gemeente-byeenkomste met die vraag: "Na wie stuur God ons?" is gehou. Die uitslag toon die gemeente se verstaan van die Bybelse taak van die kerk: "Na mense wat God nie ken nie," om hul tot dissipelskap te begelei.
- 'n Dissipelskapkursus met inspirerende ontmoetings met God en met mekaar het plaasgevind.
- Pinkster 2007 is pas verby, met die tema: "Waarmee is God nou besig?" Nie net in die gemeente nie, maar ook in ons eie lewens, en in die gemeenskap. Die hartseer is die ontdekking dat ons soms meer bewus is van die massamedia as wat ons van God bewus is, dat ons dalk verloor het om tot God so te nader dat ons Sy fluistering in ons lewens kan hoor. Maar dan ook die blye, hoopvolle belofte: "Nader tot MY en Ek sal tot jou nader!"

### Te stadig?

Voel julle die beweging is te stadig? Ek voel soms so, net om weer by die ander vennote die volgende versekering te kry: Hierdie reis is eerstens 'n voortdurende, lewenslange reis, en tweedens, omdat dit kultuurverandering vereis, baie stadiger as waarmee naelopers gemaklik is.

Onlangse getuigenis van nuwelinge wat by die gemeente aansluit, is dat ons anders is as die gemeenskap. Daarvoor dank ons God vir Sy wonderlike genade. Ons bely dat ons dit nie so maklik raaksien nie, en kom dan weereens onder die indruk dat ons diversiteit nodig het om die volle prentjie meer helder te kan sien.

### Volgende stappe

Die leierskap is in 'n proses om "Na mense wat God nie ken nie," te verfyn tot hanteerbare inligting. Indien ons na so 'n wye groepering mik, gaan ons eindig as niks vir niemand. Daar begin toenemend konsensus rus op families/gesinne. Dit op sigself is al baie spesifiek en die finale onderskeiding is die verstaan van wat bedoel word met gesinne, waarna daar weer 'n gemeentevergadering gehou sal word met 'n raamwerk van planne en versoeke tot verfyning hiervan en deelname hieraan.

Intussen bly die versoek dat julle voorbedding vir helderheid hieroor sal doen, dat julle die luister-na-God praktyke sal beoefen, sodat ons geloofsonderskeidend ons roeping om "Saam in diens van God se nuwe wêreld te wees" kan uitleef.

## Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	R1500-00
Halwe blad	R750
Kwart blad	R375
1/8 blad	R188

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.  
(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, nie te plaas nie.)

## Redaksie van die SIG

**Redakteur:**  
Ds Tinus van Zyl

**Redaksielede:**  
Ds Rian Verster  
Jackie Pretorius

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir Ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

## Om dankie te sê

- Ds Freek Serfontein

Op Dinsdag 29 Mei is Jan Victor onverwags oorlede. Vir ons wat hom en Madeleine geken het, was die skok groot. Al het hulle die laaste vyf en 'n half jaar nie meer hier gewoon nie, het hulle gereeld hier opgeduik. Die barmhartigheidswerk wat hulle vir soveel jare onder veral ouer persone gedoen het, het hulle telkens na Durbanville teruggebring.

Onnodig om te sê dat hulle in Franschoek van die begin af vir diens aangemeld het. Twee goed het Jan Victor goed gesnap: Hy het verstaan dat 'n mens uit genade gered word. Netso het hy geglo dat die Here ons red en in diens van sy koninkryk stel. Ons sal vir Jan mis, maar sy dankbare diens aan die Koning van die kerk altyd onthou. Aan die Here sê ons dankie dat Jan-hulle so lank by ons kon woon en werk. Vir die Here vra ons om asb met Madeleine te wees.



# Fritz en Elsie Rauch kyk terug oor 'n lang verbintenis met Durbanville Gemeente

Toe ons 58 jaar gelede in Durbanville gewoon het, was dit 'n klein dorpie en 'n hele aantal plase. Die gemeente is toe deur een predikant bedien. Almal het mekaar geken, amper een groot gesin, en natuurlik het die lidmate ook mekaar se lewenswandel geken, ons voortreflikhede, maar ook ons pretensies. Tog is daar met groot erns na die kerk en goeie waardes gekyk, in teenstelling met die situasie vandag, waar ons veelal by mekaar verby leef.

Na vyf jaar het ons uit die gemeente vertrek en in 1972 was ons weer hier terug. Die gemeente was toe aansienlik groter, twee predikante wat spoedig drie sou wees. Nog steeds was daar heelwat vaste gebruike en handeling. 'n Vaste orde in die liturgie, die toga vir die predikant, manelle vir die kerkraadslede en so meer. Algaande het lidmate begin vra na die betekenis van bepaalde elemente in die bediening. Eintlik het die hele kerk gesoek na groter helderheid, selfs oor sommige begrippe in die Bybel.

Veral toe jonger predikante gekom het, het kursusse en groepbesprekings aan die orde gekom, wat

daarop ingestel was om lidmate se agtergrond en kennis te verbreed. Vanselfsprekend dra dit by tot versterking van die Christelike lewenswyse. Hierdie wyer bediening het gelei tot die ontstaan van 'n verskeidenheid projekte: take wat tog op die weg van die Christen lê. Veel word gedoen om 'n ontspanne atmosfeer te kry, 'n gemoedelikheid en vrymoedigheid. Ons kan waarlik sê dat die afstand tussen die predikant en die lidmaat in groot mate verklein het.

Wat die administrasie betref: Die predikant is nie meer vanselfsprekend voorsitter van die kerkraad nie. 'n Sakeman kan op sterkte van sy ervaring dit baie goed doen. Ook kan die werk volgens besigheidsprosedures bedryf word. Met die groei van die gemeente het die kerkraadslede (wyke) toegeneem, wat die organisasie bemoeilik het. Ook daarvoor is 'n werkbare stelsel ontwikkel. Die eredienste word aangepas by die behoeftes van groepe: Vir volwassenes, tieners en kleiner kinders.

Alles wat hierbo genoem is, is na ons mening daarop gerig om die lidmaat nader aan die wese van die kerk te bring, om met groter ywer en geesdrif, werklik lidmaat te wees. In ons jong dae is die bediening gedoen volgens die eise van destyds en ons het waardering daarvoor. Vandag leef ons in die era van bevraagtekening, wat nuwe eise stel. Ons is dankbaar dat ons predikante daartoe besiel is en vir die lidmate 'n inspirasie is. Ons is egter daarvan bewus dat daar baie sterk wêreldse kragte aan die werk is om die kerk se werk te ondergrawe.

“Hou Christus Self Sy kerk in stand!”

## Vroue-wat-glo kuier saam met Hannalie Wium - Cecilia Slabbert



Meimaand se bymekaarkom was 'n heerlike vroue-ontbyt. Ons was omtrent 130 vrouens bymekaar. Ons het 18 gasvroue gehad, wat hul tafels pragtig in herfskleure versier het en vroue genooi het (oud en jonk) om die oggend saam te kom kuier.

Die fondse wat ons ingesamel het, het gegaan vir die Kingfisher Sendingorganisasie. Hulle help gemeentes om die nood in hul direkte omgewing raak te sien en dan met hul gawes en talente, wat hul reeds het, 'n verskil te maak. Ons is baie dankbaar vir die R1 240 wat die kerkkantoor aan hulle kon oorbetaal.

Ons gasspreker was Hannalie Wium, predikantsvrou

van Moorreesburg. Sy het ons absoluut geboei met haar persoonlike getuienis wat sy met skilderye (wat sy self skilder) uitgebeeld het. Haar storie is een van geloof, hoop en liefde! As jy jou verhouding met God eerste stel, sal God vir jou meer gee as wat jy nodig het. Hy sal vir jou die pad wys en saam met jou daarop loop. Vanuit ons verhouding met God kan ons die lewe geniet, maak nie saak wat jou omstandighede is nie.



Ek dink elke vrou wat daar was, kon die oggend met iets identifiseer van wat Hannalie gedeel het en met die gevoel daar weggaan van **WOW!** Ons God is **GROOT!**

### So bietjie agtergrond oor Vroue-Wat-Glo

Vroue-Wat-Glo het ontstaan uit 'n vrouegroep wat een keer per week soggens bymekaar gekom het, sommer om saam te

gesels, te bid en mekaar te ondersteun. 'n Hele paar vrouens het begin werk en kon nie meer in die oggend bymekaar kom nie. Die behoefte was nog daar om ten minste een keer 'n maand bymekaar te kom, maar dan in die aand. Ons het dit oopgegooi vir enige vrou wat so behoefte het en na die tweede vrouekamp, het die groep heelwat gegroei.

Ons kom 19:00, een keer per maand in die Jeuglokaal bymekaar. Enige iemand is welkom, oud en jonk. Ons deel ons vroueharte met mekaar, nooi sprekers om te kom praat oor 'n tema of om 'n getuienis te kom deel, bid saam, sing saam en groei saam. Die volgende bymekaarkom is 7 Augustus, die tyd en plek bly dieselfde.

# JAM gaan Extreme - Christi Thirion

Daar was 'n stadium toe die term *Extreme Week* die JAM bestuur (die V C S V van Hoërskool Durbanville) laat ril het, 'n hol kol op die maag gelaat het, koue sweet laat uitslaan het en hulle selfs met slapelose nagte gelaat het. Dit was weens laaste minuut onttrekkings van sprekers en 'bands,' asook die beperkte inskrywings vir die *Extreme Week*.



vuil geraak het, asook bietjie hoogte en spoed ingebou het. Dinsdag het ons pouse koek verkoop en die tafels was binne enkele minute kaal gestroop. Woensdag het die kringleiers in die dorp uitgereik en nader kennis gemaak het met die armes onder ons neuse. Donderdagoggend 06:00 het die 48 uur *Extreme Hunger* begin, waar ons mense gekry het om ons te borg, sodat ons deur honger te bly, geld kon insamel vir die sokkombuis, en self ook bietjie kon voel hoe dit voel om vir twee dae niks kos te eet nie.

Ons het die week afgesluit met 'n deurnag by Doxa Deo Gemeente se kerkgebou. Ons het die aand afgeskop met 'n lof- en aanbiddingsessie deur *Pudrema*. Daarna het Hannes Steyn (jeugpastoor by Doxa Deo) ons herinner aan ons identiteit in Christus,

waarna ons die aand deur *30 Seconds* en *Twister* gespeel het en net lekker gekuier het. Hoewel ons op die ou end 49 uur honger gebly het (die ontbyt was bietjie laat), was dit 'n nag om te onthou.



Aan die einde van die week kan ons met dankbaarheid sê dat God ons oë kom oopmaak het vir mense vir wie Hy baie liefhet, en wat ons nie altyd raaksien nie. God het

'n Paar jaar gelede het JAM besluit om liefdadigheidsorganisasies te ondersteun deur 'n fondsinsameling. JAM wou dit op 'n opwindende manier doen en so het die *Extreme Week* ontstaan.

Hierdie jaar was die Durbanville Sokkombuis die bevoordeelde organisasie. Op die Maandag was die *Amazing Race* oor die skoolterrein, waar ons nat en

ons deur die gemeenskap se borge en ons inisiatiewe geseën met 'n bedrag van R5,000 vir die sokkombuis. Dit was dus die rillings, hol kolle, koue sweet en slapelose nagte werd. Prys die Here!

# Kinderpinkster - Franci van Zyl-Nel



Hierdie jaar tydens die Kinderpinkster het ons 'n "gas" met die naam van Blink Ben gehad, wat elke aand vir die kinders kom kuier het. Blink Ben, ('n blink rooi motor wat kan praat!) het ons kinders geleer van die belangrikheid om ons eie "voertuie" skoon te hou van vullis en sonde, asook dat ons "petrol" nodig het om te lewe en dat daardie petrol net gekry word deur die Bybel te lees en te bid! Almal moes ook die "padreëls" van die lewe leer, wat deur die 10 gebooue maklik gemaak is, en laastens moes

ons ontdek dat die verskillende "padtekens" op ons "lewenspaaië" baie belangrik is om na te kom, sodat ons binne God se wil kan leef. Al die kinders wat saam met ons Kinderpinkster beleef het, het dus 'n "padwaardigheids-sertifikaat" ontvang aan die einde van die week om hulle te herinner aan Psalm 119:30 en te onthou dat hulle "die pad van die lewe nou saam met Jesus loop."

Persoonlik was hierdie Kinderpinkster reeks die een wat vir my die grootste impak op ons kinders se lewens gemaak het, uit al drie wat ons die vorige jare aangebied het. Ons getal kinders wat die reeks bygewoon het, was ook meer as al die ander jare. My belewenis was dat die kinders werklik elke

aand geleer en onthou het wat ons gedoen het, as gevolg van die feit dat daar 'n fisiese karakter, soos Blink Ben, elke aand teenwoordig was en die boodskap oorgedra het.



Ek dink dis die regte manier om kinders lief te maak vir Pinkster, sodat hulle as tieners en jong volwassenes nog steeds die behoefte sal hê om Pinkster by te woon.